

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 96

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

BEWAAR JOU GELOFTE

'n Mens is tog 'n man van jou woord! Daarmee sal u seker saamstem. Alle mense stem daarmee saam.

Dit geld seker ook van 'n groep mense en ook van 'n volk. "Betaal jou gelofte" is algemeen geldend.

Jare gelede het 'n groepie mense in nood verkeer — die nood van uitgewis te word deur 'n wilde horde.

Ken u die magtelose gevoel van uitgewis te word deur 'n oormag wat jou dood soek?

Hierdie groepie mense is egter nie uitgewis nie.

Die probleem

Die wet van gemiddeldes sê dat hulle eintlik uitgewis moes gewees het. 'n Paar honderd kan nie oorlog voer teen duisende en staande bly nie. Maar dit het hier gebeur met hierdie mense in nood honderd-vier-en-dertig jaar gelede.

Hulle skanse was ossewaens.

Hulle strategie was 'n sloot en rivier.

Hulle wapens was ou kruitgewere wat onbruikbaar was as die kruit nat word.

Hulle vyande. begeesterde barbare wat bloed gesoek het.

Staande gebly?

Nee, oorwin!

Die wet van gemiddeldes sê: dit kan nie.

Die geskiedenis sê; dit het hier gebeur!

Waarom?

Kan u 'n antwoord gee? Toeval?

Kan dit toevallig wees as onder andere die volgende gelyk gebeur het:

- Twis onder die vyande.
- Ongewone aanvalstaktiek. Gewoonlik het die Zoeloes se ringkoppe eerste aangeval, maar juis hierdie oggend van 16 Desember 1838 is besluit dat die jong, onervare krygers eerste sou aanval.
- Die geskikte terrein juis op daardie môre.
- 'n Skielike opklaring van die digte mis, juis toe die Zoeloes aangeval het. Kan u dink wat sou gebeur het as die kruit weens die mis nat geword het?

Nie toeval nie!

Die antwoord

Hier is die antwoord: Dié wat met hierdie mense was, was meer as al die duisende Zoeloe-impis.

Hierdie antwoord kry ek uit 'n ware gebeurtenis wat eeue voor Bloedrivier plaasgevind het.

Ek vertel u daarvan.

Eenmaal is 'n swaar leër gestuur om een man gevange te gaan neem. Gedurende die nag het hulle die stad omsingel waarin hierdie man was. Toe sy dienskneg die volgende oggend opstaan, sien hy die hele stad omsingel. Benoud roep hy uit: "Ag, my heer, hoe sal ons maak?" Sy heer antwoord hom egter: "Vrees nie, want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." Op die gebed van die heer is die dienskneg se oë geopen sodat hy die berge vol perde en waens, selfs vuur gesien het. Daar was 'n leërmag wat vir hulle geveg het. Op die gebed van hierdie man, Elisa, is die mense wat hom gevange wou neem, met blindheid geslaan, sodat hy hulle weerloos, magteloos gelei het tot in Samaria, die hoofstad van die volk met wie hulle in oorlog verkeer het.

"Die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is" (2 Kon. 6:16).

Ek sien weer 'n klein handjie vol mense.

Hulle bid tot God. Hulle sluit 'n bondgenootskap met die ewige almagtige God in Wie se hand die lotgevalle van alle nasies is. Hulle maak 'n gelofte aan hierdie God — 'n gelofte wat ook hulle nageslagte insluit — ook u en my as Afrikaners.

- Hý het die twis onder die impi's laat ontstaan.
- Hý het hulle 'n dwase besluit laat neem.
- Hý het die terrein bepaal.
- Hý het die mis laat opklaar.

Hý het vir hierdie mense wat met Hom 'n bondgenootskap gesluit het, geveg en oorwin.

Vir Hom geld nie 'n wet van gemiddeldes nie. Hý is daarbo verhewe. Hý regeer en onderhou en bestier alle dinge. Hý spreek en dit het geskied.

Die gevolge:

Onthou: die gelofte wat u vadere gemaak het, het u ook ingesluit.

Het u beswaar daarteen? Hoe kan hulle vir andere besluit?

Maar geniet u nie ook nou hierdie land wat God onder andere op hierdie wyse aan u gegee het nie? Is u nie bly en dankbaar dat God getrou gebly het aan die gelofte nie? Sou u verkies het dat u vadere maar uitgewis sou wees op daardie môre? En dan, wat dan van u?

Nee, ek is dankbaar oor die gelofte. Ek aanvaar hulle optrede met dankbaarheid. Daarom kan ek dankbaarheid geniet van alles wat die land my bied, en kan ek dit met 'n vrye en goeie gewete doen.

Ek vier met dankbaarheid Geloftefees en ek bind my altyd by vernuwings aan hierdie gelofte, want God het groot dade verrig in ons volkslewe — aan daardie Trekkers, maar ook aan my.

Hou u ook van 'n man van sy woord?

Vier dan u Geloftefees, want "as jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe." (Prediker 5:3).

A. J. Coetsee.

VAKANSIE

Vakansie! 'n Heerlike gedagte.

'n Mens voel lus om dit in jou mond rond te rol soos 'n besondere suiglekker. Vakansie! Die towerwoord vir kind en grootmens. Vakansie! Dan breek ons weg van elke dag se moeitevolle arbeid. Dan leer ons weer.

Ons snak daarna om vreemde stede te sien. Die treine na ons strandoorde is stampvol. Die paaie is besig. Die wêreld is in beweging.

Vakansie, as die mens die eentonigheid van elke dag gaan verbreek. Die kind in hom word weer wakker, dit lag en speel.

Iets moois?

Daar is iets moois in om die mens in vakansiestemming te sien . . . die mens wat weer eens die roep van die lewe hoor.

Ons kan natuurlik vra of dit werklik mooi is, of dit werklik iets aan 'n mens doen? Miskien is daar ook maar die gejaagdheid. Miskien te veel van 'n rondryery en 'n baljaardery.

Die gejaagdheid van elke dag word omgesit in 'n vrywillige voortstorm weg van die sleur van elke dag.

Lawaai en stilte

Miskien is daar ook te veel lawaai, tot in die stilte van die natuur gaan die radio of die grammfoon. Vakansie word die ontspanning aan die stilte in te veel gevalle. Miskien word die vakansie tog te vol van drukte en van 'n soort besig wees en die stilte kry nie kans om die hart binne te steel nie.

Stilte . . . die stilte waarin die mens tot homself kom, waarin die dinge uit sy binneste uitbreek na boontoe en hulleself dan langsaam oplos. Die stilte waarin die wêreld rondom ons nader na ons kom en weer vir ons iets te sê het.

Die eenvoudige blom, die geruis van die wind, die dreuning van die see, die berge in die verte en die eindelose blou lug wat bo ons uitstrek. Hierdie dinge kom as't ware na ons toe en begin met ons praat, omdat ons by hulle hoort, omdat ons uit dieselfde hand van die Skepper voortgekom het.

Stil tot God

'n Woord skiet my te binne . . . 'n woord van Psalm 62: "Ja, my siel is stil tot God, van Hom is my heil."

'n Mens kan dit opmerk. Dawid was hier vir 'n lang tyd innerlik besig. Die woorde klink soos 'n gedagte wat hardop uitgespreek word. Dit lyk asof hy hom teen sy innerlike twyfel wil verdedig en daarom begin hy met die woordjie, ja.

Hierdie man het dit nie maklik nie, daar is allerlei vyande wat hom bedreig.

Mense, doodgewone mense, kan so verskriklik groot en magtig lyk.

Daarmee worstel hy. Nou is dit verby.

Sy siel is stil tot God.

Hy dink daaraan dat die lig van God alle dinge omspan en weg is sy angste en kwellinge.

Hy ken die grootheid van God se ontfermende genade wat oor al sy skulde heengryp, hy hoor

in hom ruis die blydschap dat God sy God is en dit ewig sal bly. Hy voel as 't ware God se beskuttende Vaderhand en rondom hom is die wêreld — God se eiendom waarin hy mag leef. Bo hom is God se hemel.

Al hierdie dinge is by **hom** omdat hy **by God** is.

'n Diepe vrede daal op sy gemoed.

Sou iets van die aard nie die sin moet wees van dit wat ons vakansie noem nie?

S. P. B. Buys.

KERSFEES - NOG CHRISTUSFEES?

Dit het nou eenmaal tradisie geword dat die christelike kerke op 25 Desember elke jaar die geboorte van Jesus in gedagtenis bring.

Die herinnering aan die geboortedag bring groot vreugde in die harte van die gelowiges oor die ganse wêreld. Daarom praat ons van Kersfees. Die engele het hierdie feestelikheid begin met hulle hemelse lofsang in die velde van Efrata.

Die vraag kan nou gestel word: Waarom is ons so bly? Met die geboorte van onse Here Jesus het die belofte in verband met die vleeswording in vervulling gegaan. Die beloofde Messias het gekom. In Hom het ons die Saligmaker van die wêreld.

Met die koms van Jesus het nou 'n nuwe tydperk in die geskiedenis aangebreek. Ja, 'n Lig het opgegaan, 'n helder stralebaan skiet deur die donker wolke ...

Hy is Immanuel... God met ons. Kersfees is dus by uitnemendheid die Christusfees.

In die gees mag die mens weer staan by die krip van Betlehem. Soos 'n Simeon en Anna mag ons die ewige God prys. Die ware feestelikheid met Kersfees is dus 'n fees wat gevier moet word in geloofsvreugde. Ons mag mekaar as 't ware weer toeroep: Die Heiland is gebore!

Die feesvreugde met Kersfees is dus 'n blydskap in die Here. Elke Kersfees roep die christendom tot besinning. Wat het geword van die vrede op aarde? Word hierdie Jesus van Betlehem waarlik nog deur ons geëer as die Koning van alle konings . . . oorwinnaar oor dood en graf? Ons kan eers werklik feesvier in die sekerheid van skuldvergifenis. Daarom bly ons gedagtes nie vassteek by die Kindjie in die krip nie, maar kyk ons geestesooeg reeds oor die velde van Efrata na die berghoogtes van Sion waar die kruisheuwel verrys.

Maar die mees beangstigende vraag is vandag: Waar is die Christus in die hedendaagse kersfeesvieringe?

Ons sien ons stede verlig met kleurliggies. In vele huise is daar die pragtig versierde kersboompies, behang met allerlei kosbare geskenke. Die tafels is gedek en feestelike oorlaai met die beste voedselsoorte en lekkernye.

Ons hoor mense mekaar toeroep: Geseënde Kersfees! Kinderogies straal en kyk vol verwagting na die getooide winkelvensters met die veelkleurige bebaarde "Krisimis Vader", en die menigte speelgoed om hom heen.

Watter verwagtings word in die tere kinderharte gewek deur al hierdie vertoon? Dit wil voorkom asof die ware Jesus in al die lawaai en doenery soek geraak het, en die eintlike verwagtings van die worstelende mens by Hom verbygaan.

Daarom is Kerstyd vir baie ook die tyd van eensaamheid en selfs ook selfmoord . . . want al die skyn bedrieg.

Die vol danssale en drinkgelag beklemtoon die innerlike leegheid in menige hart en huis. Vir die besighede is dit nog net weer geldmaaktyd. Die drankwinkels kan skaars al die bestellings hanteer, en die feestelikheid van baie word bepaal deur die hoeveelheid drank wat verorber kan word.

Die nadraai van menige feestelikheid is innerlike leegheid, huilende kinders, dikwels 'n aangerande vrou en allerlei vorms van misdaad en oordaad.

Die toestande het in baie gevalle al so verloop dat menige vra: Moet Kersfees nie maar afgeskaf word nie? Kyk na al die ellende, die motorongelukke en al die aanrandings, en vergeet maar liever van al die leed wat in die stilte gely word.

Laat hierdie Kersfees tog vir u weer wees wat dit bedoel is om te wees: Christusfees. Want elke Kersfees roep om die vervulling van 'n ander belangrike belofte, naamlik: Hy kom weer! Dan word die Kersfees vervang met die nog ryker en voller fees: die Bruilofsfees.

Hoe gaan u vanjaar Kersfees vier?

L. J. Buys.

DIE TESTAMENT VAN DIE OUJAAR

Oujaarsdagaand spreek

Hoe diep en ingrypend spreek 'n oujaarsdag en veral die aand van daardie dag nie tot 'n mens nie . . . Onwillekeurig dwing dit jou gedagtes terug na die jaar wat verby is — na elke maand, elke week, en soms na elke besondere dag, sover as wat jy dit kan onthou!

Sommige mense probeer hierdie gedagtes van herinnering verdoof deur uitbundigheid en plesier. Hulle probeer vergete raak in die geroesemoes van die oomblik. Maar eintlik help dit nie. As daar 'n oomblik van stilte en besinning kom, dan draai die gedagtes onwillekeurig terug na die verlede.

Waarom? Waarom is daar hierdie geneigdheid tot die verlede veral op Oujaarsdag? Het u dit ookal ondervind in u lewe? Het u ookal op so 'n dag besef dat daar dieper dinge in die lewe is, as slegs die genot en die prestasie van die oomblik?

Ons het gevra: Waarom hierdie gedagtes oor die verlede?

Omdat iets onherroeplik verby is!

Ja, daardie besondere jaar is onherroeplik verby! Baie geleenthede en moontlikhede is verby — en nou wil elke mens voorraad opneem. Onwillekeurig vra elke mens homself en haarself af: Wat het ek met hierdie jaar wat verby is gemaak? Het ek die geleenthede benut? Het ek die tyd vir die goeie uitkoop? Het ek nie dalk kosbare dae, weke en maande by my laat verbygaan sonder dat ek dit nuttig gebruik het nie?

Verantwoordelikheid

Waarom kwel hierdie en baie ander vrae mens aan die einde van die jaar?

Omdat die God wat die mens geskape het, hom tot 'n verantwoordelike wese geskape het. Die mens is verantwoordelik vir sy doen en late elke dag van sy lewe — ook vir die jaar wat verby is!

Verantwoordelik aan wie? sal u miskien vra.

Of 'n mens dit wil aanvaar of nie — jy is verantwoordelik aan God wat jou geskape het en wat jou bewaar en beskerm en onderhou!

Die mens is geskape as 'n verantwoordelike wese teenoor God. Daarom het jy die geneigdheid, die drang om ten minste aan die einde van elke jaar voorraad op te neem van jou lewe! . . . Jou gewete dring jou daartoe! En al glo jy nie in God nie, lê daar tog diep binne in jou die dringende daartoe! En al glo jy nie in God nie, lê daar tog diep binne in jou die sluimerende gedagte van rekenskap gee!

Daardie voorraadopname aan die einde van die Oujaar is die testament van die Oujaar, jou testament van die Oujaar wat jy oopmaak om te sien wat jy in daardie jaar bymekaar gemaak het, sodat die goeie aan die nuwe jaar bemaak kan word!

Dit vra die Here God tog eintlik van die mens: Om jaar na jaar voort te bou met die goeie, om van krag tot krag te gaan!

Die Roepstem

En nou, my vriend, terwyl jy tog weet dat die Oujaar jou weer tot rekenskap-gee gaan bring — dit staan tog onbetwisbaar vas — waarom dan nie maar die goeie soek nie? En u weet dit tog dat die ware goeie is Jesus Christus en sy kerk! Die jare kan kom en gaan, maar die geloof in Jesus Christus bly staan, dit oorwin die tyd. Dit is met ander woorde iets wat vir jou

ewigheidswaarde het.

Watter heerlike gedagte is dit nie om aan die end van 'n jaar die testament van die oujaar oop te maak en om dan slegs die name "Jesus Christus" daar te sien staan nie! Ek het Hom gesoek en gevind in die jaar wat verby is — en Hy is ook die bemaking van my lewe vir die jaar!

Dan sal u nie wegstrem van die voorraadopname aan die einde van die jaar nie, nee, dan sal u uself daarin verlustig!

Al is daar slegs enkele dae van die ou jaar oor —begin dadelik! God soek bo alles die gesindheid van die hart.

A. Myburg.

WAARHEEN IN DIE NUWEJAAR

Baie probleme

Die nuwe jaar lê voor ons met sy baie probleme en baie uitdagings! Wat hou die nuwe jaar nie dalk vir u in nie, geagte leser? Dit is seker maar goed dat ons nie weet wat daar alles op ons wag nie . . . Maar een ding is baie seker — en dit is dat ons op baie vroeë antwoorde sal moet vind en dat ons vir baie probleme oplossings sal moet soek, en dat ons uit baie krisisse uitweë sal moet kry!

Waar gaan u al hierdie antwoorde, oplossings en uitweë vind?

Ja, tot 'n sekere mate kan 'n mens jousef help en dinge vir jousef uitwerk, maar eintlik is dit maar slegs tot 'n baie beperkte mate. Spoedig is daar probleme wat soos berge voor jou staan en wat soos die deinende golwe van die see jou omring. En as jy dan voel dat jy besig is om weg te sink in die siedende watermassa — waar vind jy dan jou antwoorde en jou oplossings?

Dit sal tog nie help om hierdie dinge te ontken nie! U staan self midde in die lewe, geagte vriend. U weet dat dit alles waar is! U het ook al baie keer gesmag na 'n ankerplek, na vastigheid, na sekuriteit as alles onder u voete begin wankel.

'n Duidelike Antwoord

Watter antwoord het die Bybel vir ons as die noodsituasie ons aangryp? Na watter sekerheid en vastigheid wys die Woord van God ons heen?

Ek lees in die Bybel (Johannes 6) dat 'n groot skare mense die Here Jesus Christus langs die see van Galilea omring het. Hulle wou Hom met alle geweld tot hul koning kroon. Hulle het gesien hoedat Hy duisende mense met 'n paar brode en 'n paar vissies gevoed het — hulle het die mandjies vol brokstukke gesien wat daar oorgebly het. Watter geweldige voordele sou so 'n koning nie vir hulle inhou nie? Hy kon aan hulle aardse rykdom en materiële voorspoed gee! Maar die Here wat die valse gesindheid van hulle harte geken het, het hulle afgewys ... Hy was geen aardse vors nie... dit het by Hom oor baie dieper dinge gegaan as slegs brood.

Teleurgesteld het die massas van Hom af weggedraai. Maar dan hoor ons die Here vra aan die twaalf dissipels wat agterbly: "**Wil julle nie ook weggaan nie?**" Watter verrassende vraag is dit nie? Maar met daardie vraag sny die Here alle oppervlakkige navolging af! Hy soek nie mense wat slegs terwille van die uiterlike en terwille van voordeel agter Hom aanloop nie!

Hoe heerlik klink die antwoord van Petrus nie op die vraag van die Here nie: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe! Here, U het die antwoord op ons grootste probleem en daarom het U die antwoord op al die probleme in ons lewe — ja, ook die talryke probleme van die nuwe jaar!"

Ons grootste probleem? Ja, my vriend, die mens se grootste probleem is dat hy nie meer vrede met sy Skepper het nie! Die kind kan vanweë die sonde nie meer vir sy hemelse Vader Vader sê nie. Dit bring spanning en frustrasie. Dit bring basies al die ongeluk van die *lewe!* Maar vir daardie grootste probleem in ons lewe het Jesus Christus 'n antwoord. Hy het ons skuld by God betaal en ons dus met God versoen. Hy het van ons weer kinders gemaak! . . . Omdat Hy 'n antwoord het vir hierdie wortelprobleem in my lewe, weet ek dat Hy ook vir alle ander probleme 'n antwoord sal hê.

"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe!"

Watter koers gaan u?

My vriend, waarheen gaan jy in die nuwe jaar met jou probleme vlug? Waar gaan jy antwoorde en oplossings vind?

Ek nooi jou vandag om saam met Petrus en om saam met my na Jesus te gaan! Watter heerlike gedagte is dit nie om die sekerheid te hê dat daar êrens 'n onwankelbare toevlugsoord is!

Hoe mooi klink die dringende uitnodiging van die Here nie in ons ore nie:

"Kom, werp al julle bekommernisse op My, want kyk, Ek sorg vir julle."

Sal dit nie dwaas wees om nodeloos alleen te worstel in jou onmag terwyl so 'n uitnodiging in jou ore klink nie?

Kom, my vriend — daar is vir jou ook 'n antwoord . . .

A. Myburg.

DIE PAD NA SUKSES

Was daar al ooit so 'n gejang na grootheid en roem en sukses in die oë van die mense soos vandag? Die jeug is grootliks besiel met slegs één entoesiasme en dit is om **bo** uit te kom. En hierdie bo uitkom word gespel in terme van geld, weelde — ja, dit wat kan blink voor die oë van die medemens! So behep raak mense met hierdie strewe dat alle ander dinge daaraan ondergeskik gestel word! Beginsels, die duidelike paaie wat die Woord van die Here afbaken, word vergeet, solank die suksesverhaal maar net eenvoudig die bloutes inskiet!

Ons lees in die Bybel ook van mense wat van die suksesverhaal van die Here Jesus gehoor het. Die Grieke wat op die Paasfees was het gehoor van die Joodse seun wat van 'n eenvoudige timmermans-winkel opgeklim het tot vlak voor die troon van koning Dawid in Jerusalem! Watter geweldige prestasie is dit nie?

Hulle wil Hom 'n handdruk gee! Hulle wil Hom gelukwens! Die Griek het waardering vir die geharde vegter, vir die Marathon-wenner. Ja, hulle het geen tyd vir 'n swakkeling en sukkelaar nie!

Maar wat sê die Here as die Grieke met uitgestrekte hande Hom nader? **"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."** Met ander woorde: Die pad na ware sukses gaan deur selfverloëning en selfvernedering heen! Christus self is in die eerste plek die Koringkorrel wat in die grond moet val en sterf sodat dit veel vrug kan dra! Deur Sy dood het daar vir baie **lewe** gekom. Maar so moet elke hooghartige mens hom ook verneder onder die kragtige hand van die Here sodat daar ware grootheid, ware sukses in sy lewe kan wees!

Miskien spook u ook om bo uit te kom. Maar miskien worstel u ook op die verkeerde pad! Die pad van aardse grootheid bring geen ware en geen blywende geluk nie! Vra liever na die wil van die Here ... Dit sal van u vernedering en selfverloëning vra, maar weet dit dat God self die lourierkrans van oorwinning om u hals sal hang. Hardloop in nederigheid saam in die marathon van die ware gelowige — die eindpunt is 'n gebou wat nie met hande gemaak is nie, dit is 'n rusplek by God in die hemel!

Dan het u werklik **bo** uitgekom.

DIE BYBEL - 'N MENSEWOORD?

Ons wat glo in God die Vader, sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees, glo ook dat die Bybel geen mensewoord is nie maar God se Woord.

Kan ons op goeie gronde beweer dat daar meer in die Bybel is as in ander godsdienste se heilige boeke of ook as in die geskrifte van die groot denkers van al die eeue?

Die Bybel is anders

In ons moderne kits-knoppie-druk-wêreld is daar duisende mense wat met die Bybel afgereken het. Baie sê: dit was 'n boek met 'n godsdiens vir die onontwikkelde mense van die onontwikkelde tye; 'n boek vol ou Oosterse legendes en mites; dit bevat pragtige verhale sommige waarvan aangrypend mooi is — van die mooistes in die wêreldliteratuur. Die boek het nogal heelwat kultuur-historiese waarde. Maar daar is ook ánder boeke wat net soveel waarde het. So reken baie mense met die Bybel af. Hierteenoor staan die feite wat bewys dat die Bybel anders is as alle ander boeke en van die hoogste waarde is vir al die miljoene wat die Bybel ken en as hulle kosbaarste besitting beskou.

Wat van jou?

Jy moet jou posisie ten opsigte van die Bybel bepaal.

Jy is mos iemand wat vir jouself dink.

Dink mooi oor die paar vrae en gegewens wat volg.

En sê dán of jy nog dink dat die Bybel maar net 'n gewone menseboek is.

Vrae en feite

Het jy al ooit gehoor van 'n ander boek wat so wyd gelees word as die Bybel? In 1970 kon ongeveer 97% van die wêreldbevolking (3 570 miljoen) die Bybel of 'n deel daarvan lees in hul eie taal. Daar is 48 Bybelgenootskappe wat die Bybel in 1392 tale druk en versprei in elke land van die wêreld.

Het jy al 'n ander boek gelees wat so duidelik en eenvoudig en raak handel oor **jou** probleme en oor dié van die hele mensdom — en wat sulke wonderlike raad gee?

Watter boek van watter geleerde sielkundige, opvoedkundige, sosioloog of filosoof leer jou méér oor die elementêre beginsels van die opvoeding, sielkunde, maatskaplike *lewe*, die egte lewenswysheid as die Bybel?

Watter ander boek bring soveel troos vir 'n beproefde, soveel krag vir 'n ontwortelde, soveel blydschap vir 'n terneergedrukte?

Ken jy een enkele ander boek waarin voorspellings oor die toekoms gedoen is en wat so presies bewaarheid is?

Eintlik bestaan die Bybel uit 66 afsonderlike boeke, deur 'n stuk of 50 skrywers oor 'n tydperk van bykans 1600 jaar, en die tydperk waaroor die Bybel skrywe, strek van die môreskemering van die skepping tot ongeveer 100. n.C. Het jy al ooit 66 ander boeke, geskryf oor so 'n lang periode, gelees wat só volkome in harmonie met mekaar is?

Nog feite en vrae: Die Bybel en moderne wetenskap

Niemand van ons beskou die Bybel as 'n handboek vir die wetenskap nie. En tog vind ons daarin die grondbeginsels vir alle moderne wetenskappe. En al die gegewens wat jy oor dié dinge in die Bybel vind, is korrek en word bevestig deur moderne ontdekkinge. Psalm 8:9

praat bv. van die visse van die see wat trek deur die paaie van die see. Het jy geweet dat daar regtig paaie is waarlangs die visse trek, duisende myle ver, waarvan hulle nie afwyk nie? In 'n boek oor die oseanografie sal jy lees oor die baie seepaaie, sommige diep uitgespoel deur erosie op die seabodem! Dis dinge wat wetenskaplikes maar in die laaste eeu ontdek het!

Voorbeelde van sulke wetenskaplikhede in die Bybel kan ek jou by die tientalle noem — almal oor dinge wat maar onlangs eers ontdek is na jarelange navorsing. Maar die Bybelskrywers het toe al daarvan "geweet." Waar en van wie sou hulle dit geleer het? Hulle tydgenote uit ander volke het dit nie geweet of daar iets van neergeskryf nie!

Enkele stellings

Ek kan nog 'n menigte feite verstrekk wat almal aantoon dat die Bybel nie 'n gewone menseboek is nie. Ek wil egter liever 'n paar stellings oor die Bybel maak.

1. Die Bybel is nie mensewoorde nie. Dit is die Woord van die lewende God wat Homself aan ons bekend stel. Hy het deur sy Gees mense afgesonder en toegerus om dit wat ons dáár lees neer te skrywe, sodat **ons** Hom kan leer ken, onder andere in sy almag, wysheid, regverdigheid, genade en liefde. Lees asseblief 2 Petrus 1:21.
2. Alleen die God wat alles gemaak het, kon die besonderhede oor die mens se binnelewe, oor die diepste roersele in sy siel, oor sy oorsprong en bestemming, só suiwer bekendmaak en laat opteken. Die Bybel is 'n betroubare Woord wat werd is om ten volle aangeneem te word. Lees asseblief. 1 Timotheüs 4:9.
3. Die Bybel is 'n besondere Boek. Dit is van meer waarde vir jou as enige ander enkele boek of ook as alle ander boeke in die hele wêreld saam.

Waarom?

Omdat jy daarin lees van die **God** wat jou gemaak het.

Omdat jy daarin vind die Weg na **jou** bestemming.

Omdat jy daarin hoor die **Waarheid** oor God sy plan met die wêreld en met jou.

Omdat jy daarin vind die Lewe wat God **jou** wil gee.

Omdat dit die enigste Boek is waarin jy die enigste Verlosser, Jesus die Christus, kan vind.

En omdat jy, as jy dié Boek en wat daarin staan, verwerp, vir ewig verlore is.

Nee, die Bybel is nie 'n mensewoord nie.

Dis God se Woord.

Sy Woord vir jōu.

Koop vir jou 'n Bybel!

En lees daarin.

Vandag nog!

Psalm 19:1, 2

Die hoë hemelrond
vertel met blye mond
Gods heerlijkheid en eer,
en, wonderbaar deurglans,
vermeld die wye trans
die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid
en duisendstemmig uit
dié loffelike sprake;
die nag se stille stap
meld kunde- en wetenskap
deur al sy donker wake.

Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar die toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf,
geen oor so onbeskaaf,
wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemel
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor -
tot roem van God almagtig.

I. C. J. Minnaar.

NIE VIR INTELLEKTUELES ?

WIE SÊ?

In die sewentiende eeu het die mens iets opsienbarends ontdek. Net soos 'n jong seun wat bewus word van sy rypende manlikheid, net so het die mens begin behep raak met sy verstand. En soos die jong seun baie ligtelik sy manlikheid kan vermink as gevolg van 'n gebrek aan kennis, net so het die sewentiende-eeuse mens sy verstand opgeblaas — ook as gevolg van 'n gebrek aan kennis. Watter kennis? Dié kennis waaroor die profete in die Ou Testament gekla het dat hulle volk dit nie besit nie: kennis van God en sy Wet. Dit gebeur egter dikwels dat 'n jong seun baldadig weier om kennis van elders te wil aanvaar. Hy is mos darem nie meer 'n kind nie — hy kan vir homself dink! Dieselfde argumentasie vind ons by die sewentiende- en agtiende-eeuse mens: hy is mondig. Van nêrens elders word hy gesê nie. Boonop: die verstand is die bes bedeelde goed wat die mens het (sing Descartes), God skryf sy wette op geen ander plek as in die verstand van die mens nie (val Spinoza in by dié melodie), en God bedrieg nooit iemand nie (verseker Descartes en Spinoza ons in 'n slot-duet, terwyl hulle dit vir hulleself hoop).

Die mens op die troon

En toe? Uit die verstand sê hulle, kry die mens God se wette. Hy moet net hard genoeg dink. Dit kan hy doen as hy intellektueel fiks is en word — deur oefening in die wiskunde veral. En as die mens eers eenmaal die "waarhede" van die eksakte wiskunde gesnap het, het hy onomstootbare sekerhede — Goddelike wette, ja. Hierdie bedinksels is só onomstootlik vasstaande, dat hulle niks anders as Goddelik kán wees nie. En hulle het nog altyd in die rede gestaan, hulle was net verduister. Deur die oefening van die intellek het hierdie sekerhede lig geword. Die verstand self is nou 'n lig. Intellektueles is verligte mense.

God bedrieg nooit 'n mens nie (o nee!) — dus die verstand sê hulle, bevat beter sekerhede (o ja! God het dit mos daar ingeskryf) as sy Woord wat met die geslachte saam aan ons oorgelewer is. Die verligte verstand beslis dan: wat hyself bedink, is helderder as die Bybel. By die lig van die verstand sien 'n mens die lig. Die verstand is die lig op die pad. Nog meer: die verstand beslis tussen die Woorde van God, en vind dat die een (die Bybel) minder betroubaar is as die verstand. Ja-nee, God is só goed dat Hy die mens voorsien van beter middele om tot insig te kom as wat Hy die mens in sy Woord kan bied. God laat toe dat die verstand die Bybel stof in die oë skop, sê John Locke, 'n tydgenoot van Spinoza en Descartes.

In trurat

En daar trek die mensdom sedert die sewentiende eeu! Met 'n handomkeer is dit in trurat vanaf Ps. 119:105. "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."

Agteruitgang? Definitief! Ps. 119:104 word omgekeer van "Uit u bevele kry ek verstand" na "Uit my verstand kry ek u bevele." My bedinksels is Gods wet! En watter bedinksels was dit nie: intellektuele regverdiging vir onderdrukking van die volk deur die koning, intellektuele regverdiging en aanmoediging vir revolusie en bloedvergieting . . . Dit was die bedinksels van mense, bedinksels wat geparadeer het as die "wette van God"!

Laat ons die verstand nie versmaai nie. Dis 'n gawe van God. Die turksy daaraan is egter: wat maak ons daarmee in die aangesig van Gods Wet? Sê ons Gods Wet is nie vir intellektueles nie, en formuleer dan self "Gods Wet" uit menslike bedinksels, of bepeins ons Gods Wet soos Hy dit vir ons gegee het? Gods Wet uit my verstand, of verstand uit Gods Gebod?

Alleen

In die laaste geval is daar rede tot roem. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele, (Ps. 119:98—100).

J. J. Snyman.